

15 Januarie

**Skrifgedeelte: Levitikus 21 en 22 (OAV)
Fokusgedeelte: Levitikus 21:17-24; 22:17-23**

Heilig is die Here

Iemand wat, soos die priesters in Israel, 'n besondere amp onder die volk van God beklee, staan uit tussen die ander mense.

Hulle staan immers in die openbaar in diens van God en aan hulle word dikwels die heiligheid, die andersheid van die Here in die wêreld gemeet. Op hulle veral is die pyle van die Satan gerig, sodat God se Naam tog maar onteer kan word!

Selfs in hulle liggaamsbou moes hierdie geroepe priesters iets van die volmaakte heerlijkheid en heiligheid van hulle Sender vertoon. Hulle moes sonder enige gebrek wees.

Watter geweldige verantwoordelikheid rus daar tog nie op ampsdraers nie! Hulle moet vir die mense "...heilig wees, want heilig is Ek, die Here, wat julle heilig" (vers 8).

Dieselfde geld ook vir die offers wat aan die Here gebring word. Dit moet sonder gebrek wees – die beste wat jy het. Só vind dit welbehag in die oë van die Here. God mag nie afgeskeep word nie.

Die tweede beste is vir die Here nie goed genoeg nie. Kom ons dink weer aan byvoorbeeld as die kollektesak rondgaan in die erediens: Wie eer ons met ons gawes, van Wie se barmhartigheid getuig ons met ons "liefdegawes"? Kerkgeld is nie dieselfde as kleingeld nie!

Dink jy dat ons Here Jesus ook met die tweede beste tevrede sou wees? Gelukkig het Hy nie afgeskeep nie, maar alles geoffer vir ons sondes. Daarom: wees heilig, want "Ek is die Here wat julle heilig".

Sing: Psalm 33:8,11

Ds LH Stavast (Emeritus)